

DERDE PART

Waarin sekere woorde bespreek word, asmede die verskil-
lende vorms daarvan in gebruik.

§ 66—INLEIDING TOT WOORDBESPREEKING.

As ons alles wil behandel wat onder hierdie onderwerp te sê val, bestaan die vrees dat hierdie werkie te omvattend en te lywig sal word. Daarom sal ons net die aandag skenk aan sommige woorde wat in algemene gebruik is, om 'n idee te kry hoe hulle uitgespreek en gebruik word. Maar hiermee bedoel ons nie—soos reeds vermeld—om enige van die vorms die voorkeur te gee nie: ons toon net die toestand aan.

In die Tweede of vorige Part het ek so dikwels melding gemaak dat ek aan sekere persone oor ons hele land woorde-lyste rond gestuur het om die gangbare vorms in hul distrikte te onderstreep; wel dis juis hierdie onderstrepings waarmee ons nou te doen het. Die korrespondente het ongetwyfeld hul bes gedoen: sommige het die lysie saam met ander bespreek; ander het dié deur die distrik op reis meegeneem om die inwoners af te luister; maar 'n paar het dié persoonlik in hande geneem, daar hulle gemeen het dat hulle met die plaaslike spraak goed vertrou is. In enige gevalle het die korrespondente net die uitspraak van die sogenaamde beskaafde stand in aanmerking geneem—sonder hulle aan die meerderheid te steur.

Dit is onnodig om weer in hierdie Part die name van die gewillige medewerkers op te noem—dit het ons reeds gedoen. Ek is maar te bly dat hulle so blymoedig en—wat nog meer is—met soveel opoffering van kosbare tyd die hand van hulpvaardigheid uitgereik het. Want wat sou anders, as die medewerking geweier is, die waarde van hierdie Derde Part gewees het?

Dit moet duidelik verstaan word, waar ek aangee dat 'n seker uitspraak in 'n distrik gehoor word, dan is die bedoeling dat die meerderheid—wat miskien nie veel groter is as die minderheid nie—dit so uitspreek en nie juis elke persoon nie. Verskeie het reeds hulle laat hoor: „*Ek praat nie so nie,*” Of „*Ons hier praat nie so nie,*” en skuif dan die ongewenste uitspraak op die „veragterdes”; waardeur hulle tog erken dat die woord also in die omgewing uitgespreek word. Elkeen sal beweer: Soos *ek* my uitdruk, is dit die *beskaafste* taal.

§67—BESPREKING VAN ENIGE WOORDE.

Aalwee of *alewee* of *aalwyn* is die drie wisselvorms deur die Akademiese Woordelys aangegee. *Aalwee* en *alewee* is Bolands en word ook in die streek van Swellendam tot Oudtshoorn aangetref. Van buite-invloed hoor ons ook *aalwyn*. In Natal kom soms al drie vorms voor. Dog verder is die algemene uitspraak *aalwyn* (soms tot *alwyn* verkort).

Aartappel of *ertappel* is die skryfvorm. *Aartappels* word minder gehoor as *ertappels*. Op sommige plekke hoor ons *aartappel* (in die enkelvoud), maar van *ertappels* (in die meervoud). Die gebruik van die een of ander vorm in die spreektaal is nog nie vas nie, want dit gebeur te dikwels dat een en dieselfde spreker albei in een gesprek gebruik. Dieselfde is b.v. die geval met *aardwolf* en *erdwolf*.

Akkedis is die skryfvorm. In die Boland hoor ons op verskillende plekke verskillende uitsprake, nl. *akkerdis*, *akeldis*, *akedis*. In Namakwaland *akeldis* en *akedis*. In die binnelande al die vorms behalwe *akkerdis*. In die suidwestelike distrikte K.P. al die vorms. In die oostelike distrikte net so. In die Vrystaat al die vorms behalwe *akkerdis*. Natal gee die voorkeur aan *akedis*. Transvaal weer aan *akeldis*. Terwyl Griekwaland-Wes *akkerdis* en *akedis* gebruik. Uit die onderstrepings staan dit so: *akeldis*, 10; *akkerdis*, 8; *akedis*, 17.

Aljimmers of *aljimmer* is nie in algemene gebruik nie. In die spreektaal van die Boland hoor ons dit nooit nie—as net in Bredasdorp en Clanwilliam, waar dit ook nie algemeen is nie. Maar by afwisseling word dit oor die ander dele af en toe gehoor—selde gebruik in Natal, in die oostelike distrikte K.P. en Oostelike Transvaal. *Elken keer* of *elken maal* skyn nog altyd die voorkeur te geniet.

Appelderliefde of *appelliefie* gee die Akademiese Woordelys aan. In die Boland word in een of ander deel gehoor: *appelderliefde*, *appelliefie*, *appelliepie* ook *pampelmoesie*. Vroeër mag ook *pomlemoer* gehoor geword het, maar tans skyn dit te verdwyn het. In Namakwaland is dit *appelliefie* en *appelliepie*. In die binnelande al die vorms, terwyl dit daar op sommige plekke onbekend is. In die Kaapse suidelike distrikte is dit *appelliepie*. In die oostelike *appelliefie*, ook *appelliepie*, dog meesal die Engelse naam *gooseberry*, wat op sommige plekke die Afrikaanse naam verdring het. In Vrystaat is dit ook *appelliefie* en *appelliepie*, en selde word *pampelmoesie* gehoor. In Transvaal en Natal is dit ook *appelliefie* en *appelliefde*, maar *pampelmoesie* is

onbekend. In Griekwaland hoor ons van *appelliefde* en *appelliepie*. In Hollands is *appel-der-liefde* 'n tamatie.

Uit die onderstreping: *appelliefie* 12; *appelliepie* 12; *appelliefde* 8; *pampelmoesie* 5.

Atjar is die skryfvorm, en so word dit algemeen uitgespreek. Ek het hier 'n bekende Maleise woord geneem om sy gebruik te beproef. In die handel word *atjar* in bottels verkoop waarop die Engelse naam *pickles* geplak staan. Dit het sy uitwerking dat die bevolking hulle aan die Engelse meer as aan die Maleise naam hou. In die Boland ken iedereen *atjar*, maar binnelands, waar die artikel meesal gekoop word, het *piekels* die voorkeur. In die Boland word soms ingelegde uie, agurkies, rissies, ens., sonder kerrie-kruie ook *piekels* genoem. Terwyl die Bolander baie maal sy *e* as *ie* uitspreek, so hoor ons ook van *ingepekel* vir *ingepekel*.

Baie is die skryfvorm. In die Boland hoor ons *baing*. In Namakwaland en Boesmanland is dit *ba-nja* meer as *baie*. In die binnelande word *ba-nja* of *ba-nje* gebruik. In die Suidelike Kaapland *ba-nje* en *baie*. In die Oostelike *baie* en *baia*. In Natal, Vrystaat en Transvaal *baie*. In Griekwaland *ba-nje*, *baing* en *baie*.

Volgens onderstreping: *Baing* 2, *ba-nja* 6; *baie* 29.

Beteuterd word geskrywe. Maar in die algemene spreektaal is dié vorm nie algemeen bekend nie. Op verskeie plekke weer word die twee vorms *beteuterd* en *beteuteld* deur verskillende persone gebruik. En dit skyn dat *beteuteld* min of meer algemeen bekend is.

Uit die onderstrepings blyk dit: *beteuterd* 13; *beteuteld* 30.

Beuselagtig is die skryfvorm; maar *peuselagtig* word meer in die spreektaal gebruik en skyn oor die hele land die geval te wees, soos: „Dis maar 'n peuselagtige werk.” „Hy peusel aan 'n been.”

Uit onderstrepings het *beuselagtig* 16; *peuselagtig* 26.

Bohaai word deur die Akademie-Woordelys aangegee, maar in die spreektaal word *hoehaai* gewoonlik gebruik en derhalwe deurgaans onderstreep—net uit Kenhardt, Prieska, Swellendam en Somerset-Oos was dit ook onderstreep. So hoor ons ook van *haaihoei*, b.v. in „Hy het oor niks 'n ganse *haaihoei* hier kom opskop.” Of soos: „Dit was 'n *haaihoei*, en 'n *haaihoei* van die oggend tot die aand.”

Brûe vir die meervoud van *brug* is die skryfvorm. In die verskillende dele van die Boland hoor ons: *brugte*,

brugge, *brûe* en *brûens*. In Clanwilliam en Namakwaland *brûe*. In die binnelande al die vorms eweveel. In die suidelike Kaapse distrikte *brugge* by voorkeur, maar ook *brûe*. In die oostelike Kaapse distrikte *brugge*. In die Vrystaat *brugge* en *brûe* ewewel. In Natal en Transvaal *brugge*. In Griekwaland *brugge* en *brûe*.

Deur onderstreping: *brugte* 3; *brugge* 18; *brûe* 10.

Flus en *flussies* albei in die Woordelys aangegee en ook so uitgespreek. In die Boland, behalwe in Bredasdorp, is *flus* en *flussies* onbekend. In Namakwaland en Boesmanland word albei gehoor. In die binnelande het *flus* die voorkeur bo *flussies*. In die suidelike distrikte, Kaapland, het *flussies* die voorkeur bo *flus*. Terwyl in die oostelike distrikte *flus* weer aan die beurt kom. In Vrystaat word die voorkeur aan *flussies* gegee bo *flus*. In Natal en Oostelike Transvaal word albei selde gehoor. In Westelike Transvaal is dit goed in swang. In Griekwaland netso. Op baie plekke is die woorde geheel onbekend.

Uit onderstrepings: *flus* 11; *flussies* 12; onbekend 6. Die laaste syfer staan feitlik hoër, daar *so-ewe*, *netnou*, *strak-kies* oor die hele land bekend is en in die spraak baie meer gehoor word.

Gare en *garing* is twee wisselvorms deur die Woordelys aangegee. Albei skyn in dieselfde distrik gangbaar te wees—vernaamlik in die verbinding *seilgare* en *seilgaring*, *gareboom* en *garingboom*. *Garingboom* in die Boland heet *mak-aalwee*. In Namakwaland en Boesmanland spreek hulle by voorkeur van *gare*. In die Kaapse binnelande meer *gare* as *garing*. So ook in die suidelike distrikte. In die oostelike distrikte skyn *garing* die voorkeur te geniet. In die Vrystaat hoor ons albei vorms. In Natal en Oostelike Transvaal is dit *gare*. In Westelike Transvaal albei *gare* en *garing*. In Griekwaland lyk dit of *garing* die voorrang het.

By onderstreping kry ons: *gare* 18; *garing* 15.

Gensbok word deur die Woordelys aangegee. Baie min sê *gemsbok*—alleen onder Hollandse taalinvloed. In die Boland hoor ons van *gensbok-voorslag* en selde *gemsbok-voorslag*. In Namakwaland en Boesmanland, waar die bok tuis is, is dit *gensbok*. In die binnelande *gensbok*. In die suidelike distrikte word dit nie aangetref nie, maar *gensbok* het die oorhand oor *gemsbok*. In die oostelike distrikte albei vorms. In Vrystaat *gensbok*, selde *gemsbok*. In Natal kom albei vorms voor. In Transvaal *gensbok*. In Griekwaland en Betsjoeanaland *gensbok*.

Dit is opvallend waar die dier nie te vinde is nie, of baie Engels-sprekendes woon, word *gemsbok* saam met *gensbok* gehoor. Maar die Afrikaans-sprekendes gee nog altyd die voorkeur aan die vorm *gensbok*—so ook al die ou jagters.

By onderstreping: *gemsbok* 7; *gensbok* 27.

Granaat word deur die Woordelys as skryfvorm aangewys. In die Boland hoor ons: *granaat*, *grenaar* en *gerenaar*. In Namakwaland *gerenaar*. In die Kaapse binnelande het *gerenaar* die voorkeur bo die ander. In die suidelike distrikte is dit *grenaar*. In die oostelike distrikte *gerenaar*. Ook is dit in Vrystaat *gerenaar*. In Natal *gerenaar*. In Oostelike Transvaal *grenaar*. In Westelike Transvaal *gerenaar*. In Griekwaland *gerenaar* en *grenaar*.

Deur onderstreping verkry ons: *gerenaar* 28; *grenaar* 7.

Ghitaar word deur die Woordelys aangegee. Maar in die spreektaal hoor ons *kitaar* en *ketaar*—heel selde *ghitaar*, wat net deur vakmanne gebruik word. In die Boland word *kitaar* meer as *ghitaar* gehoor. In Namakwaland praat hulle van *kitaar*. In die binnelande *ketaar*. In die suidelike distrikte word *kitaar* en *ketaar* gebruik. In die oostelike *ketaar*. In die Vrystaat mees *kitaar*. In Natal al drie vorms, waar ons met Engelse invloed moet rekening hou. In Transvaal *kitaar* en *ketaar*. In Griekwaland het *kitaar* die meerderheid.

By onderstreping: *ghitaar* 4; *kitaar* 23; *ketaar* 12.

Kalmus word deur die Woordelys aangegee, maar daar was geen onderstreping van dié vorm nie, so word dit nêrens in ons land gehoor nie. -Al die onderstrepings was onder die bekende Afrikaanse woord *kalmoes*. In Transvaal groei ook op klam plekke in die veld *kaffer-kalmoes*, wat dieselfde eienskappe as *mak-kalmoes* besit—die verskil bestaan in die vorm van die blare.

Kamma, *kammalielies*, *kammetjies*, *kamtag* is almal woorde wat die Woordelys aangee. *Kamma* is die mees bekende. In die Boland is *kammalielies* onbekend, maar die ander drie wel. Op Bredasdorp word al vier gehoor, so ook in Namakwaland. In die binnelande staan *kamma* en *kammalielies* gelyk. In die suidelike distrikte word *kamma* gebruik. In die oostelike distrikte geniet *kamma* die voorkeur, dan volg *kammalielies*. In Vrystaat het *kamma* ook die meerderheid, dan volg *kammalielies*. In Natal *kamma* en *kamtag*. In Oostelike Transvaal *kammalielies* en *kamma*. In Westelike Transvaal *kammalielies* en *kamtag*. In Grie-

kwaland hoor ons *kammalielies* en *kamma*. Die Bolandse woord *faikonta* word elders baie lelik gevind en nêrens nie as in Senekal, onder Bolandse invloed, gehoor.

Volgens onderstreping: *kamma* 25; *kammalielies* 19; *kamtag* 10. Al die vermelde vorms het in die spreektaal burgerreg verkry. In die Boland word nog verder die volgende vorms gehoor: *kamtie*, *kasta*, en *kastig*.

Kan en *ken*. Die gebruik van die woord *ken* vir *kan* is in Holland prowinsiaal; so is die gebruik daarvan in ons land baie oud. By ons hoor ons: „Ek *ken* dit doen” vir „Ek *kan* dit doen,” of „Dit *ken* wees” vir „Dit *kan* wees.” Hierdie manier van uitdrukking vind ons van Humansdorp af, langs die Kaapse oostelike distrikte, deur Aliwal-Noord, deur Oostelike Vrystaat, Natal tot in Oostelike Transvaal—in ander dele van die land baie selde of glattendal nooit. Blykens ou briewe en ander geskrifte het die vorm *ken* vir *kan* vroeër in die Boland ook bestaan. Soms word dit onbeklem uitgespreek; dan hoor ons: „Ek *kin* dit nie doen nie.”

In Natal, in Oostelike Transvaal, en soms in die Vrystaat, hoor ons ook *kan* vir *ken* gebruik, b.v. „Ek het sy vader goed *gekan*” en „As ek *ken*, gaan ek hom seker opsoek, want ek *kan* hom van jare al.” Hierdie manier van uitdrukking is ook 'n ou erfstuk uit die 17de-eeuse Hollands.

Kanallie word deur die Woordelys aangegee. Maar in die spreektaal hoor ons meesal *karnallie* of *kirnallie*. Vir die woord *kanallie* is daar net drie onderstrepings—een uit die Boland, waar dit minder as *karnallie* gebruik word; die ander uit Swellendam en Somerset-Oos, vanwaar die korrespondente ons meegedeel het dat hulle die spraak van die „beskaafde” stand onderstreep het. Maar dan het hulle die woorde *karnallie* en *kirnallie* dubbel onderstreep, wat beteken dat dit daar verreweg meer gebruik word.

Karmenaadjie of *kremenaadjie* staan in die Woordelys aangeteken. In die verskillende dele van die Boland word altwee gehoor en ook *karnaadjie* (*kirnaadjie*). In Nama-kwaland al die vorms behalwe *karnaadjie*. In die Kaapse binnelande het *karnaadjie* die meerderheid. In die suidelike distrikte *karnaadjie*. In die oostelike distrikte *kirnaadjie*. In Vrystaat *kirnaadjie*. In Natal *karmenaadjie* en *karnaadjie*. In Transvaal *karnaadjie* en *kremenaadjie*. In Griekwaland *karnaadjie*.

Volgens onderstreping: *karmenaadjie* 8; *kremenaadjie* 3; *karnaadjie* 15; en die verwante vorm *kirnaadjie* 15.

Klipsalmander gee die Woordelys aan. Maar in die

spreektaal hoor ons *klipsalmanner* nes *koggelmanner*. Volgens onderstrepings is daar 5 vir *klipsalmander*, nl. uit die Boland, Swellendam, Bredasdorp, George, Victoria-Oos, maar dan word *klipsalmanner* dubbel onderstreep behalwe George. Verder is daar vir *klipsalmanner* 29.

Koggelmander word deur die Woordelys aangegee. Die vorm *koggelmander* het 6 onderstrepings; *koggelman-ner* 28.

In hierdie geval van *klipsalmander* en *koggelmander* is die spelling van die Akademie-Woordelys dus histories —net soos in die geval van *kinders*, *ander*, *onder*.

Krokodil is die spelling volgens Woordelys. Maar meer as 95 persent van die Afrikaans-sprekende bevolking in al vier Provinsies van die Unie spreek van *krokkedel*—die minderheid, wat *krokodil* gebruik, doen sulks onder Hollandse of boek-invloed. Vir die woord *krokodil* het ons een onderstreping uit die Boland, een uit Boesmanland, en een uit Prieska, wat almal plekke is waar die dier nooit lewëndig aangetref was nie; dus het hulle die naam uit boeke moes leer. In Namakwaland en Prieska word *krokkedel* deeglik gebruik, want dié vorm is ook onderstreep. In die Boland hoor ons ook van *krokkedel*.

By onderstreping: *krokodil* 3; *krokkedel* 31.

Muskiet is die vorm wat die Woordelys aangee. Maar in die spreektaal word *miskiet* gehoor. Vandaar die gesegde: „Sy naam is misskiet, maar hy skiet raak.”

Volgens onderstreping: *Moskiet* 0; *muskiet* 3; *miskiet* skyn algemeen te wees, daar die woord op al die lyste onderstreep is.

Obstinaat volgens Woordelys. Deur onderstrepings vind ons dié vorm in Victoria-Wes, George, Alexandria en Somerset-Oos en ook in Betsjoeanaland (waar ons dit die minste verwag het en neem dit vir 'n skryffout). Maar in almal hierdie genoemde distrikte word die ander vorm *obsternaat* (*opsternaat*) meer gebruik.

Volgens onderstreping: *obstinaat* 5; *obsternaat* (*opsternaat*) 31.

Okkerneut is die nuutste vorm deur die Woordelys aangegee. Van Swellendam af, langs die suidelik kus, op langs die oostelike kusstreke, deur Aliwal-Noord tot in Oostelike Vrystaat bestaan 'n ander vorm, nl. *onkerneut*. Maar op dieselfde plekke word die woord *okkerneut* in die minderheid ook aangetref.

Volgens onderstreping: *okkerneut* 24; *onkerneut* 10.

Olienhout en *oliewenhout* volgens Woordelys. Maar in die spreektaal word nog gehoor: *olynhout*, *ouleunhout*. In die Boland en binnelande word al die vorms gehoor, dog *olienhout* het die voorkeur. Verder word *olienhout* oor die hele Unie gehoor. In die Vrystaat, Griekwaland-Wes en Betsjoeanaland word naas *olienhout* nog *oliewenhout* gehoor. Die vorm *ouleunhout*, behalwe in die Boland, kom nog voor in Clanwilliam, Namakwaland, Oudtshoorn, Alexandria, Pearston, Bethlehem en Betsjoeanaland.

Volgens onderstrepings: *olienhout* 20; *oliewenhout* 8; *olynhout* 4; *ouleunhout* 8.

Ook word aangegee deur die Woordelys. Maar in die spreektaal word nog gehoor *oek* en *ok*. Dog al drie vorms word meesal onbeklem uitgespreek, sodat dit soms fyn luis-ter vereis om te weet watter vorm die spreker gebruik. Ook word gebruik mees deur persone wat baie Hollands lees. Die onbeklemde vorm *oek* word van Namakwaland deur die Boland tot in Oudtshoorn gehoor. Verder bedien die Afrikaans-sprekende deel van die volk hul van *ok*—wat minder in die dorpe gehoor word.

Volgens onderstreping: *oek* 5; *oek* 13; *ok* 22.

Oulap vir 'n kopergeldstuk is volgens Woordelys. Dit is 'n egte Bolandse woord wat gebruik word tot in Namakwaland, dan in die suidelike binnelande, in die suidelike en oostelike distrikte. Maar die noordelike binnelande, Vrystaat, Natal, Transvaal noem dieselfde muntstuk *duwweltjie*. Die woord *pennie*, vir dieselfde stuk geld, is deur skoolinvloed oor die hele Unie versprei.

Volgens onderstreping: *oulap* 16; *duwweltjie* 11; *pennie* 20.

Krimpvarkie, of *rolvarkie* vir wat die Hollanders *egel* noem. Geeneen van die name kom in die Woordelys voor nie. Waarom ek dié twee name vir dieselfde diertjie in my lys van woorde ingesluit het, was om te sien watter benaming die mees bekende is. In die suidelike Unie skyn die diertjie onbekend te wees. Wanneer hy aange-roer word, rol hy hom op en vertoon dan nes 'n kastaiing—van daar die naam *rolvarkie* of *krimpvarkie*. Die diertjie het pennetjies nes 'n ystervark—vandaar die inlas van die woord *yster*. So hoor ons ook van *rol(yster)varkie* of *krimp(yster)varkie*.

Volgens onderstreping: *rolvarkie* 4; *krimpvarkie* 12;

Skilpad is volgens die Woordelys. Maar die algemene uitspraak is *skulpad* of *skulppad*. Behalwe vir Bredasdorp

is die woord *skilpad* nêrens onderstreep nie. By nader ondersoek is die Bredasdorpse uitspraak ook *skulppad*.

Skoenlapper is die vorm deur die Woordelys aangegee. Hiervoor was daar geen onderstrepings nie, maar wel eenparig *skoelapper*, wat ook die skryfvorm is wat die volk verkies. *Skoenlapper* by die Afrikaans-sprekende deel is iemand wat skoene lap. In Oostelike Transvaal word die diertjie *schoerlapper* genoem.

Somar word deur die Woordelys aangegee. Dog daar bestaan nog ander vorms soos *soema*, *suma*, *summa*, *soemar*, *sommer*. Die gebruik skyn in die suide en binne-lande meer vorms te bevat as na die noorde, waar *sommer* verreweg die voorkeur het, want dit word oor die hele land eenparig onderstreep.

Swaweltjie gee die Woordelys aan. Maar hiervoor was daar geen onderstrepings nie as net uit die Boland, waar die meeste *swaaltjie* sê—so ook *windswaal*, *kransswaal*, *wildeswaal*, ens.

Tabak word deur die Woordelys aangegee. In die Boland word *tabak* gehoor. Verder in al die vier Provinsies kry *twak* die voorkeur
